# Finansiële Beleid van Huppelhoekie Kleuterskool

## Registrasiegeld

1. Registrasiegeld is jaarliks betaalbaar.
2. Registrasiegeld is betaalbaar voor/op die eerste dag van skoolbywoning. Met versuim sal 'n boete van R50 maandeliks gehef word op die heffingsdatum tot volle betaling ontvang word.
3. Registrasiegeld is nie terugbetaalbaar nie.
4. Innames van Januarie tot einde September betaal volle registrasie.
5. Innames van Oktober tot Desember sal net 50% van die jaarlikse registrasiegeld betaal.

## Maandelikse skoolgeld

1. Skoolgeld is betaalbaar oor 'n twaalf (12) maande periode. Geen vryskelding van skoolgeld sal verleen word vir die nie-bywoning van die kleuterskool deur 'n leerder nie .
2. Skoolgeld is vooruit betaalbaar VOOR die 7de van elke maand. Laat/kort betalers sal 'n boete van R50 per maand betaal. Boetes word op die 8ste dag van die maand gehef.
3. Rente @ 10.5% per jaar sal maandeliks op die 8ste dag van die maand gehef word op alle uitstaande bedrae.
4. 'n KALENDERMAAND SKRIFTELIKE kennis word vereis vir skoolverlaters. Versuim sal lei tot die hef van die volgende maand se fooi sonder skoolbywoning.
5. **NOVEMBER** mag nie as kennismaand gebruik word nie!
6. Omdat kleuterskool bywoning nie verpligtend is, en leerders nie skoolpligtig is ingevolge die bepalings van die Skolewet nie, is die skoolbestuur by magte is om 'n leerder te weier indien finansiële verpligtinge nie nagekom word nie.
7. Indien 'n leerder se rekening vir enige drie (3) maande in die jaar **'n uitstaande bedrag** toon op die 8ste van die maand, SAL die ouer versoek word om alternatiewe reëlings vir die leerder te tref en sal hy/sy verdere skoolbywoning geweier word.
8. Indien 'n leerder se rekening op 31 Desember nie TEN VOLLE VEREFFEN is nie, sal toelating in die volgende jaar geweier word.
9. Indien die rekeningpligtige 'n tydelike oorkombare finansiële probleem het, MOET 'n afspraak met die hoof VOOR die 7de van die maand gemaak word en MOET 'n skriftelike afbetalingsooreenkoms onderteken word.
10. Indien die rekeningpligtige versuim om by die afbetalingsooreenkoms te hou, sonder om vooraf reëlings met die hoof te tref, sal die rekening summier oorhandig word vir invordering.
11. Indien enige persoonlike vergunning toegestaan is, en die betaler versuim om streng by die vergunning te hou, sal die vergunning met onmiddelike effek verval.

## EFT betalings

1. Dit is die rekeningpligtige se verantwoordelikheid om die regte verwysing te gebruik (rekeningnommer of naam en van van leerder).
2. EFT betalings moet reeds op die 7de in Huppelhoekie Kleuterskool se bankrekening reflekteer.
3. **GEEN** kaartje-aankope mag d.m.v. ‘n eft-betaling gedoen word nie!
4. Indien addisionele geld inbetaal word saam met skoolgeld MOET 'n verduidelikende e-pos aan **admin@huppelhoekie.co.za** gestuur word. Fondse wat reeds op skoolgeld allokeer is kan nie herallokeer word na ander aktiwiteite nie.
5. GEEN buitemuurse aktiwiteit mag in die skool se rekening betaal word nie. Dit sal nie aan die fasiliteerder uitbetaal of terugbetaal word nie, maar aangewend word vir skoolgeld.

## Kaartbetalings

1. **Die kaartmasjien mag nie gebruik word vir bedrae minder as R100 nie!**
2. GEEN handgeskrewe kwitansie sal vir kaartbetalings uitgereik word nie.
3. Dit is die rekeningpligtige se plig om bewys van betaling (strokie uit masjien) te bewaar as bewys van betaling.
4. Die rekeningpligtige moet toesien dat die leerder se naam en doel van die betaling aangebring word agter op die kleuterskool se bewys van betaling.

## Kontantbetalings

1. Vir alle betalings in kontant by die kantoor, sal 'n handgeskrewe kwitansie uitgereik word.
2. Vir inbetalings deur klasonderwyseresse sal 'n gesamentlike kwitansie uitgereik word.
3. Bewys van betaling (kwitansies) moet veilig bewaar word vir rekorddoeleindes en moontlike dispute.

## Betaling van Addisionele gelde (instappies, skoolfoto's, DVD's ens.)

1. 'n Geldekoevert word aan ouers gegee vir kontant betalings wat by die klasonderwyseres gedoen word. Die klasonderwyseres MOET in die toepaslike kolom teken dat die geld ontvang is.
2. Alle addisionele gelde by instappie - en snoepiegeld moet d.m.v. die geldekoevert in die klasse inbetaal word.
3. Indien 'n dispuut oor betaling ontstaan en die betaling is nie d.m.v. die geldekoevert ontvang en die Klasonderwyseres het nie daarby geteken nie, sal die onus op die betaler rus om bewys van betaling te lewer en sal, by gebrek aan die nodige inskrywings op die geldekoevert, aangeneem word dat die betaling nie gedoen is nie.
4. Slegs die leerders wat REEDS betaal het sal meedoen aan die instappie of sal snoepie ontvang.
5. Dit is die betaler se plig om die geldekoevert veilig te bewaar as bewys van betaling.
6. Indien EFT betalings gedoen word vir addisionele gelde betaalbaar MOET 'n verduidelikende e-pos gestuur word aan **admin@huppelhoekie co.za**.

## Kaartjie verkope

1. **Slegs kontant of kaartbetalings sal vir kaartjie aankope aanvaar word.**
2. Geen EFT!
3. **Kaartje aankope kan SLEGS by die kantoor gemaak word - nie d.m.v. die geldekoevert of via die Klasonderwyseres nie.**
4. Kaartjies moet onmiddelik na betaling afgehaal word.

## Kontant donasies, skenkings of borgskappe aan Huppelhoekie

1. Vir alle kontant donasies, skenkings en borge MOET 'n handgeskrewe kwitansie uitgereik word.
2. Vir kaartmasjien en EFT donasies of skenkings moet dieselfde prosedures as hierbo uiteengesit gevolg word.
3. Die begunstigde/doel van die donasie of skenking moet aangedui word op die bewys van betaling.

Ek, ______________________________________________(volle naam en van) ouer/voog van

______________________________________(naam en van van leerder):

- het bogenoemde beleid bestudeer en verstaan die inhoud daarvan;
- onderneem om my neer te lê by die beleid soos hierbo uiteengesit en om die prosedures en neergelegte reëls met die nodige sorg na te volg.
- Ek verstaan die implikasies van wanbetaling en is bewus van my verantwoordelikheid as ouer/voog.

____________________________ ____________________________

Handtekening                                                  Datum

